



STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

1 DESEMBER 2019

## GEMEENTEBULLETIN

### KERSSANGDIENS

**Kersfees kom -  
Christus kom!**

Hartlik welkom aan besoekers en lidmate by vanoggend se Kerssangdiens. 'n Spesiale verwelkoming aan die Marimba-ensemble van Laerskool Parow-Noord, onder leiding van Louis van Loggerenberg, die seniorkoor van Laerskool Welgemoed, onder leiding van Riëtte Breytenbach en ons eie splinternuwe gemeentekoor.

Sluit asb. na die diens by ons aan vir tee, koffie en verversings op die grasperk voor die kerk.

### EREDIENSTE

			1 Desember		8 Desember	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	2/9	Ds. Dietmann	3
			(Kerssangdiens en doop)		(Dooop)	
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Ackerman	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Ds. Duvenhage	13	Ds. Potgieter	11

### DEUROFFER VANDAG

Ons beoog om vanaf 6 tot 10 Desember met 'n groep van 100 minderbevoorregte tieners by die Apostelbattery-kampterrein, Llandudno, te kampeer. Die groep kampeeders is afkomstig uit minderbevoorregte gemeenskappe in die Karoo en omgewing. Die kamp wat met die hulp van die JAM-span aangebied word, fokus op die vestiging van positiewe waardestelsels en die ontwikkeling van leiereienskappe. Bydraes vir die kamp sal baie waardeer word en kan vanoggend in die vorm van 'n deuroffer by die deure gegee word. Elektroniese bydraes kan na ABSA 1450580011, takkode 632005, verwysing *Apostelkamp*, oorbetal word.

### DIE TIENDEMAANDINSAMELING

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. Die bedrag van R 902 449 is sover ingesamel. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop.

**Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektiebord, of maak 'n elektroniese oorbetal na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

## JEUGDAGBOEK

- ANNIBRAND JUNIOR: Verrassing om 10:00 in die grootsaal.
- ANNIBRAND SENIOR: Afsluiting om 19:00.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Sien jou Woensdagaand 18:30 in die markplein.

## PLANTETAFEL

Die laaste plantetafel van die jaar word op Sondag 1 Desember om 10:00 aangebied. Onthou, plante is uitstekende Kersgeskenke. Neem 'n plant in ruil vir 'n donasie.

## LEAARS AAN DIENS

Tydens die skoolvakansie is die volgende leraars aan diens:

1 tot 26 Desember: Ds. René Potgieter 079 893 8104

27 Desember tot 4 Jan: Ds. Hanno Ackerman 079 543 5261

5 tot 15 Januarie: Ds. Why Duvenhage 082 570 5931

## KERKKANTOOR

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 24 tot 31 Desember 2019 gesluit sal wees. Die kantoorpersoneel wens alle lidmate 'n vredevolle en geseënde Kersgety toe.

## DOOP VANDAG

- John en Jacki Gilmore, Shelleystr. 32, Somerset-Wes, laat doop vir John Frederick Gilmore.
- Ivan en Erané Hobbs, Hillcreststr. 45, Pinehurst, laat doop vir Kalèa Hobbs.

## MET LEEDWESE

Lourens Johannes Wiese, gebore 17/08/1957 en oorlede op 25/11/2019. Johan was sedert 2013 'n lidmaat van die gemeente. Ons innige meegevoel met sy vrou, Rema, La Veritas 76, Van Riebeeckshof, en familie wat hy agterlaat.

## GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za) om die Bulletin, Samari-taan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## KLEUTERKERK

Geen kleuter- en peuterkerk vanoggend nie. Ons nooi ouers en kinders om by die Kerssangdiens in die kerk aan te sluit. Die sitkamer met TV uitsending is wel beskikbaar vir ouers met kleuters asook die moederskamer vir ouers met babas.

## BREIGROEP

Ons ontmoet op 2 Desember om 10:00 vir ontbyt. Kontak vir Ria McMicken by 083 519 0602 vir verdere besonderhede.

Die breigroep benodig steeds wolskenkings. Afvalwol is ook welkom.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Die volgende lidmate is as ouderlinge tot die kerkraad verkies. Ons bid hulle die Here se seën toe.

Daniël Burger (kinderbediening), St Malo 9.

Heleen du Toit (jongwerkendes)

Leon Kampman (getuienis), Vredenbergrylaan 6.

Erard Teubes (strategie), Constantiastraat 5.

Rudolph van Schoor (geestelike sorg), Ypressslot 5.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpzaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Daar is reeds sowat 150 Bybels wat versprei sal word, aangeskaf. Ons mikpunt is om 500 Bybels voor die einde van die jaar in te samel. Bydraes vir die projek kan elektronies oorbetal word na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. *Khayelitsha Bybels* as verwysing. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word.

## VOSBURG-KAROOKUIER FINALE SYFERS

Ons is opreg dankbaar dat ons na afloop van die Vosburg-Karookuier R377 000 aan NG Kerk Vosburg kon skenk. Nadat alle uitgawes van die fondsinsamelingsgeleentheid gedelg is, is dié mooi bedrag aan die Vosburg-gemeente oorbetal. Groot dank aan ons lidmate wat die Vosburg-Karookuier en indirek ook die gemeenskap van Vosburg, jaarliks ondersteun. Ons is almal deeglik bewus van die moeilike omstandighede waarin boere hulle tans bevind en wil ook vra dat lidmate gereeld voorbidding vir die gemeenskap sal doen.

## GEBEDSGROEPE

Mannegebedsgroep op Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## NEHEMIA

## BYBELINSTITUUT

### BIED AAN:

'n Deeltydse teologiese en praktiese geestelike kursus vir Christene verbonde aan enige denominasie. Die jaarkursus word deur sewe leraars aangebied en is geakkrediteerd by die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Indien werkstukke suksesvol ingehandig word, ontvang deelnemers 'n sertifikaat.

Begin 16 Januarie om 19:00 tot 21:00 by NG Kerk Bellville-Uitsig.

Navrae:

Prof. Pieter Els

083 285 2617/  
pjels@iafrica.com

## TOER NA DUITSLAND

Die vennootskap tussen Stellenberg en Fürstenfeldbruck bestaan reeds etlike jare en in 2020 is daar weer geleentheid om ons Beierse vriende in Duitsland te besoek en iets van hulle leefwyse te ervaar. 'n Toer met die opsie om die Passiespele in Oberammergau by te woon, asook 'n staptog in die berge saam met 'n plaaslike leraar en ervare bergklimmer, word vir 12 tot 25 Junie 2020 beplan. Kontak Dirk Brand by 079 553 4220 of [dirkjbrand1@gmail.com](mailto:dirkjbrand1@gmail.com) voor 6 Des. vir meer besonderhede.

## STELLENBERG KOSPROJEK

Die kosprojek lewer tans voedselhulp aan 20 gesinne in die omgewing en ondersteun ook gesinne wat deur BADISA en die Ruyterwacht Senior Sentrum bygestaan word. Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Bydraes met die oog op die Kersgety en Januarie 2020 is egter steeds baie welkom.

## INKOPIELYS VIR DIE KOSPROJEK

Ons doen 'n beroep op lidmate om niebederfbare produkte te skenk, of kontantbydraes per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing *KOSPROJEK* oor te betaal. Die kospakkies word aan gesinne in die omgewing, wat finansiële nood beleef, voorsien.

### Meel en pap:

- Bruismeel
- Hawermout en Mieliemeel
- Weetbix

### Ander:

- Macaroni en Spaghetti
- Sopmengsel
- Rys
- Koffie en Tee
- Suiker en Olie
- Langlewemelk
- Konfyt

- Grondboontjebotter

### Blikkies:

- Suikermielies en *Baked beans*
- Weense worsies
- Sojamaalvleis
- *Bully beef*
- Groente en Vis

### Toiletware:

- Toiletpapier
- Sunlightseep (koekie)
- Badseep en Tandepasta

## STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

## STELLENBERG-GEMEENTE

### SNAPSCANCODE

